# NG KERK REEBOK

## SONDAG, 9 AUGUSTUS 2026

*Hou die aankondigings naby u Bybel - dit is ons gebedsgids*

## VANDAG SE PROGRAM

**07:40**

Die **Samuel-gebedsgroep** bid vir die seën van die Here op die erediens.

**Eredienste**

**08:00 Informele diens en 10:00 Tradisionele diens: Chris de Wet**
**Skriflesing**: 1 Kor. 12:31-13:13
**Tema:** Die liefde: ’n stukkie hemel nóú, reeds hier.
**Spesiale Deuroffer:** Vrouebegeleiding
Digitale Uitsending **08:00**
https://youtube.com/live/CNz77awJ1Vs?feature=share

***GEEN KATEGESE AS GEVOLG VAN LANGNAWEEK***

- Baie welkom **alle nuwe lidmate**! Meld asseblief na afloop van die erediens aan op die stoep voor die klein kombuisie. Stap by die saal se deur uit en draai links, waar die persone betrokke by die Nuwe Lidmaat-bediening u sal ontvang en verwelkom.
- Alle lidmate word genooi vir koffie/tee en malvalekkers tussen die twee eredienste agter in die saal.

**AUGUSTUS IS VROUE-MAAND IN SUID-AFRIKA**

***“Sy is met krag beklee en waardigheid, en sy lag sonder vrees vir die toekoms.”*** – *Spreuke 31:25*

*’n tyd waarin ons die rol en bydrae van vroue vier en erken*

*In Augustus vier ons die gawes, krag en liefde van die vroue in ons gemeente en gemeenskap. Mag hierdie maand ’n herinnering wees aan die waarde en seën wat elke vrou bring.*

*Ons nooi elke dame om tee en verversings te geniet na afloop van beide eredienste!*

***LERAARS EN AMPTENARE SAKE***

***Chris de Wet:*** *12-25/8 en 29-30/8 gewone verlof*

**MISSIONALE GEBEDSBEDIENING**

*Kobus van Zyl lei die volgende Getuienisdienste*

**9 Augustus 2026** – Albertinia Gemeente

**16 Augustus 2026** – Kleinmond Gemeente

**23 Augustus 2026** – George-Suid Gemeente

## VERJAARDAGWENSE

**Baie geluk aan:**

- **Gert Steenkamp** (snr)(R6), vier vandag sy **96ste** verjaardag.
- **Joyce Malan** (K5), vier die 10de Augustus haar **99ste** verjaardag,
- **Clarice Wilken** (Buitewyk), wat op 13 Augustus haar **82ste** verjaardag vier,
- **Cielie Janse van Rensburg** (R21), wat op 15 Augustus haar **81ste** verjaardag vier.
- **Rita van Rhyn** (R15), wat op die 15de Augustus haar **82ste** verjaardag vier.

***"Ek het jou naam in my handpalms gegraveer." – Jesaja 49:16***

## PROGAM VIR DIE WEEK

**DINSDAG, 11 Augustus 2026**

**15:00 Erediens-Werkgroep** in die konsistorie**.**

**18:00 Wyksbyeenkoms-skoling** in die konsistorie.

**18:30 Kruiskringbyeenkoms** bied 'n *Lofprysings-aand* aan in die kerkgebou. Almal is baie welkom.

**WOENSDAG, 12 Augustus 2026**

**18:00 Gebedsgeleentheid** in die Gemeentesentrum.

**DONDERDAG, 13 Augustus 2026**

**11:00 tot 12:00:** **Bloeddruk-kliniek** in die moederskamer

**16:30** **Kooroefening**

**17:45** **Musiekgroep**

## VOLGENDE SONDAG – 16 AUGUSTUS 2026

**08:40**

Die **Samuel-gebedsgroep** bid om die seën van die Here op die erediens.

**EREDIENS**

**08:00 Informele diens en 10:00 Tradisionele diens:**
Richard van Wyk
**Skriflesing**: Matt 11: 25-30
**Tema:** *"Die uitnodiging: Kom na my toe!"*
**Spesiale Deuroffer:** *Christelike Lektuurfonds*
*Wyksbyeenkomste in die onderskeie wyke*

## OMGEE VIR MEKAAR… (In blokke ingedeel)

**FRAAI-UITSIG WYKE F1 TOT F5**

- **Jan Louw** (F3), sterk tuis aan na hospitalisasie.

**REEBOK WYKE R1 TOT R5**

- **Willem Louw** (R1), sterk tuis aan na hospitalisasie.

**REEBOK WYKE R1 TOT R11**

- **Ena Crozier (R7),** is tuis ongesteld.

**REEBOK WYKE R12 TOT R15**

- **Thinus Bezuidenhout** (R12), word tuis verpleeg.

**REEBOK WYKE 16 TOT R20**

- **Marenda du Plessis** (R20), sterk tuis aan na 'n rugoperasie.
- **Amanda Pienaar** (R20), sterk tuis aan na 'n rugoperasie.
- **Ina Harrison** (R21), is tuis siek.
- **Karel Grové** (R21), sterk aan na 'n operasie.

**BUITEWYK**

- **Elina de Vos** (Groenkloof Groot-Brak) is opgeneem in Life Bay View hospitaal.
- **Ds. Tonie Badenhorst** (Avondans), sterk aan na 'n hartoperasie.

**TERGNIET WYKE T1 TOT T9**

- **Ben Schoeman** (T1), sterk aan na 'n heupoperasie**.**
- **Poksie de Waal** (T1), sterk in Denneoord Step-Down George aan.
- **Helena Adams** (T5), sterk tuis aan na 'n knie-vervanging.

# ALGEMENE INLIGTING

**JEUG- EN VLEISTAFEL EN KERMIS-INLIGTING**

Die pasafgelope Jeug- en Vleistafel verkope het die volgende ingebring

| | |
|---|---|
| Jeug totaal | R 24 591 |
| Vleis totaal | R 126 055 |
| Kermis 2026 | R 520 684 |

*Baie dankie aan elke persoon wat die verskillende aksies ondersteun het. Sonder 'n samewerkende en ondersteunende gemeente sou dit nie moontlik gewees het nie. Alle eer aan ons Hemelse Vader.*

**REEBOK GHOLFDAG – 20 AUGUSTUS 2026**

NOG NET **10 DAE** OOR VOOR DIE AFSLAAN!!

Reebok Gemeente se Gholfdag vind **DV DONDERDAG, 20 AUGUSTUS 2026** te George Gholfbaan plaas. Die koste vir 'n 4-bal is **R2200.00** en dit sluit twee ligte etes, asook verversings op die baan in. Nege afslaanbowwe vir advertensie/uitstalling teen R500 per bof is ook beskikbaar. Uitstekende pryse kan gewen word. Ons beoog om 100 spelers vir die dag op die baan te hê. Komaan Gholfspelers skryf in! Kom geniet die dag saam met ons, want dit gaan vir 'n goeie doel. Ons kort nog ***4 vier balle.***

***As u kan ondersteun met pryse vir die spelers kontak asseblief vir Martina van den Berg by 044 696 6685 / Frederick Wagenaar 083 264 0283 / Anton Gouws 082 560 7254.***

